



**SA se oseaanekonomie ontsluit miljarde**

Bladsy 2



**R210m vir Johannesburg se paaie en brûe**

Bladsy 5

**WERK BINNE**

## Doen aansoek vir ID's aanlyn



President Jacob Zuma en die minister van binnelandse sake, Malusi Gigaba, tydens die bekendstelling van *e-HomeAffairs*.

### Nonkululeko Mathebula

Die Departement van Binnelandse Sake het die aansoek vir slim ID-kaarte en paspoorte aansienlik vergemaklik.

Nou hoef mense in Gauteng en Kaapstad nie meer in lang rye te staan om vir dokumente aansoek te doen nie; hulle kan nou aanlyn aansoek doen en die dokumente op 'n bepaalde datum by hul banke gaan haal.

Die departement het met vier groot banke in vennootskap getree om *e-HomeAffairs* te verwesenlik: Absa, FNB, Standard Bank en Nedbank.

Die stelsel is daarop gemik om lang toue by die 140 kantore oor die land heen te verminder en dienste van die departement meer toeganklik te maak.

Die minister van binnelandse sake, Malusi Gigaba, sê Suid-Afrika is die eerste land om so 'n stelsel in werking te stel.

Met *e-HomeAffairs* kan mense tussen 30 tot 35 jaar vir slim ID's en paspoorte aansoek doen, stawende dokumente oplaai en vir aanlyn aansoek betaal. Hulle kan ook 'n afspraak met hul gekose banke maak om hul foto's te neem en vingerafdrukke te verifieer.

Kort daarna sal die aansoeker 'n SMS ontvang wat sal aandui dat die aansoeker sy/haar dokumente kan kom haal. Die koste vir die slim ID-kaart is R140 en R400 vir 'n paspoort.

Meer as 4 000 mense het tot dusver op hierdie manier geregistreer.

Tydens die bekendstelling het president Jacob

Zuma gesê hy is tevrede met die verbeterde veiligheidsmaatreëls wat die Departement van Binnelandse Sake in werking gestel het. Hy het gesê die bekendstelling van die slim ID-kaart in 2013 om die groen strepieskode-ID-boek te vervang was 'n mylpaal.

"Ons is bly dat die banke saam met die Departement van Binnelandse Sake werk. Hierdie departement is lewensbelangrik vir almal wat in die land woon," sê hy.

President Zuma het 'n beroep op die private sektor gedoen om die departement so veel as moontlik by te staan.

### MEER BANKE STRAKS BETROKKE

Intussen het minister Gigaba gesê sy departement gaan ander banke nader om ook deel te wees van die proses.

"Ons probeer om meer mense te bereik en dit makliker te maak om vir dokumente aansoek te doen.

"Die hele proses is papierloos en digitaal, en daar is geen menslike ingryping gedurende die proses nie.

"Wanneer jou slim ID-kaart uitgereik word, is die enigste keer wat 'n mens daaraan raak wanneer dit per koevert vervoer word van waar die kaart gedruk is na die kantoor waar jy dit gaan afhaal," sê minister Gigaba.

### BETER DIENS

Die direkteur-generaal van binnelandse sake, Mkhusele Apleni, sê die stelsel is daarop gemik om die departement meer professioneel te maak.

"Korrupsie het oral voorgekom en mense se identiteit is gesteel en voortdurend bedreig.

"Die departement is gekenmerk deur lang toue en ure lange gewag vir dienste; dit het ons gedwing om die departement te moderniseer en die jongste tegnologie in te span.

"Een van die groot voordele van die stelsel is dat burgers wat hiervan gebruik maak nie in lang rye hoef te wag nie. Dit beteken die kantore van Binnelandse Sake het nou meer kapasiteit om aandag aan ander te skenk wat nie van die stelsel kan gebruik maak nie," sê Apleni.

Lungile Maseko van Roodepoort, wes van Johannesburg, sê sy is bly oor die nuwe stelsel.

"Ek is bly die Regering vind maniere om dienslewering te verbeter.

"Hoewel ek weens my ouderdom nie die stelsel kan gebruik nie, dink ek dit is 'n fantastiese stelsel. Dit sal korrupsie uitroei en mense sal nie meer by die werk moet verlov vra om vir 'n ID of paspoort aansoek te doen nie," sê Maseko.

Die departement is vol vertroue dat die program uiteindelik landwyd beskikbaar sal wees en dat mense dit sal gebruik om geboorteen- en doodsdiens te kry.

### LYS VAN BANKE WAT REEDS OP DIE STELSEL IS

ABSA	FNB	STANDARD BANK	NEDBANK
ABSA Lifestyle Centre, Centurion.	FNB Menlyn, Pretoria.	Standard Bank, Killarney, Rosebank	Nedbank, Rivonia, Johannesburg
ABSA Towers-Noord, Johannesburg	FNB Merchant Place, Rivonia, Johannesburg	Standard Bank, Canal Walk, Kaapstad	Nedbank, Lakeview, Roodepoort
ABSA Ghandi-plein, Johannesburg	FNB, Lifestyle Centre, Centurion		

### E-HOMEAFFAIRS



## GESONDHEID

# Orgaanskenking red lewens

Noluthando Mkhize

**M**osa Mphore sê dis hoog tyd dat Suid-Afrikaners die negatiewe wanopvattinge oor orgaanskenking oorkom.

"Mense sê dis verkeerd om organe te skenk. Dat dit teen godsdienstige en kulturele praktyke indruis. Hulle vergeet dat as jy toestemming gee om jou organe te skenk, jy iemand anders 'n tweede kans op lewe gee," sê Mphore.

Mphore het met *Vuk'uzenzele* gepraat uit sy huis in Soweto, Johannesburg. Hy is 'n sprekende voorbeeld van hoe belangrik orgaanskenking is om vir ander 'n tweede kans op lewe te gee.

## STRYD OM AAN DIE LEWE TE BLY

In 2011 het Mphore se lewe drasties verander toe hy siek word en om sy lewe in die hospitaal geveg het.

"Ek onthou die nagmerrie asof dit gister gebeur het. Dit was 'n baie verwarrende tyd toe ek siek word. Die een oomblik het ek nog springlewendig gevoel en net die volgende oomblik was ek naan en lusteloos.

"Ek het heeltyd maagkrampe gekry en opgegooi; ek kon niks inhou nie. Dit was vir my 'n groot skok, want ek was nog jonk, het gesond gelewe en het aan verskeie aktiwiteite, soos draf en tennis, deelgeneem."

Hy het die dokter gaan sien, wat toe gesien het sy bloeddruk was te hoog vir sy ouderdom en het nierversaking vermoed.

"Die dokters het urinemonsters geneem wat 'n hoë proteïeninhoud aangedui het. My niere het nie meer proteïene en gifstowwe voldoende filtreer nie. By die Chris Hani Baragwanath Hospitaal het hulle gesê ek het gevorderde nierversaking.

"Die dokters het gesê die toestand is veroorsaak deur hoë bloeddruk – 'n chroniese siekte wat in my familie loop."



Mosa Mphore het 'n tweede kans gekry danksy 'n skenkernier. Deesdae hou hy hom besig deur die gemeenskap oor orgaanskenking op te voed.

Mphore sê die dokters het gesê hy was gelukkig om nog te leef.

"Ek was drie maande in die hospitaal en het onmiddellik hemodialise ontvang."

Hemodialise is 'n proses waartydens 'n mens se bloed deur 'n masjien beweeg wat dan afvalstowwe, soute en vloeistof filter as 'n mens se niere nie meer behoorlik werk nie.

Hemodialise is die algemeenste manier om gevorderde nierversaking te behandel.

Volgens die Departement van Gesondheid word hemodialise in verskeie staats hospitale landwyd aangebied, insluitend:

die Kimberley Hospitaal (Noord-Kaap), Klerksdorp Hospitaal, Job Shimankana Tabane Hospitaal en Mafikeng Provinsiale Hospitaal (albei in Noordwes), Universitas Hospitaal (Vrystaat), Livingstone Hospitaal en Frere Hospitaal (Oos-Kaap), Tygerberg Hospitaal, Rooikruis-Kinderhospitaal en Groote Schuur Hospitaal (Wes-Kaap).

In KwaZulu-Natal bied die Inkosi Albert Luthuli Hospitaal hemodialise en in Gauteng by die Charlotte Maxeke, George Mukhari en

Steve Biko Akademiese Hospitale.

In Mpumalanga bied die Rob Ferreira en Witbank Hospitaal hemodialise aan.

Mphore sê die lewe was nooit weer dieselfde vir hom nie, want hy was heeltyd siek en in en uit die hospitaal.

"So het dit aangehou totdat ek dialise by die huis begin het, wat ook nie 'n aangename ervaring was nie, veral wanneer ek elke vier uur my aan die masjien moes koppel.

"Ek is op 'n waglys vir 'n nierskenking geplaas. My lewe het stadig begin wegdryf en my vriende het begin wegbly. Gelukkig het ek darem die ondersteuning van my familie, 'n paar goeie vriende en my vriendin gehad."

In 2013 het Mphore 'n nieroorplanting ondergaan.

"Dit het my drie maande geneem om van die operasie te herstel. Ná my ervaring het ek besluit om bewustheid oor orgaanskenking te kweek en my verhaal aan ander mense met chroniese siektes te vertel."

## OPEN-EYE STIGTING

Terwyl hy in die hospitaal was, het Mphore beloof om minstens een persoon van hierdie beproewing te red en die gemeenskap oor niersiektes op te voed.

"Ek het die Open-Eye Stigting gestig – 'n nuwingsgewende organisasie vir openbare gesondheid en bewusmaking wat die publiek oor akute en chroniese siektes en die lewensreddende voordele van orgaanskenking inlig.

Hy sê voorts die lewe het maar goeie en slegte tye, maar hy is dankbaar dat hy 'n tweede kans kon kry en sy lewe daaraan kan wy om ander in te lig.

Vir meer inligting oor orgaanskenking, besoek [www.odf.org.za](http://www.odf.org.za) of skakel die tolvrye nommer 0800 22 66 11.

## Wat jy van orgaanskenking moet weet

### ORGAN DONOR FOUNDATION



Noluthando Mkhize

**B**aie mense besef nie dat hulle meer as een lewe kan red deur hul organe ná hul afsterwe te skenk nie.

Duisende mense wag op organe om aan die lewe te bly of om 'n normale lewe te lei. Organisasies soos die Stigting vir Orgaanskenkers lig gemeenskappe oor orgaanskenking in en die dringende behoefte om as orgaanskenkers te registreer.

Emlynn Roynie van die Stigting vir Orgaanskenkers sê meer as 4 300 volwassenes en kinders wag tans op orgaan- en kornea-oorplantings in Suid-Afrika.

"Ongelukkig sal minder as 600 'n oorplanting en 'n tweede kans op lewe ontvang weens 'n kritieke tekort aan orgaanskenkings. Ons doen 'n beroep almal om te registreer en die tragiese statistiek om te keer," sê Roynie.

Enigiemand wat gesond is en nie aan chroniese siektes ly wat die ontvanger kan skaad nie, word as skenker oorweeg.

Organe soos die hart, lewer, en pankreas kan drie lewens te red, teenoor die niere en longe wat nog vier mense kan help.

Daar is geen koste verbonde aan orgaanskenking nie en familieledede betaal nie vir enige mediese koste wat met orgaanskenking verband hou nie.

## Hoe word ek 'n orgaanskenker?


As jy 'n orgaanskenker wil word, skakel die Stigting vir Orgaanskenkers tolvry by: 0800 22 66 11, of registreer aanlyn by [www.odf.org.za](http://www.odf.org.za). Hou altyd 'n orgaanskenkerkaart in jou beursie en plaas 'n orgaanskenkerplakker op jou ID-dokument en rybewys. Dit is belangrik dat jou familie bewus is dat jy jou organe wil skenk, want sonder hulle toestemming kan organe nie geskenk word nie.

## Pas jou niere op

**C**hroniese niersiekte is 'n stille moordenaar wat duisende lewens oor die wêreld heen eis.

Die aantal mense wat vir niersiekte behandel moet word, styg steeds en plaas bykomende druk op 'n reeds oorlaaide gesondheidstelsel.

Vir 'n gesonde lewe en om niersiektes te voorkom moet jy jou niere oppas.



### Vir meer inligting oor hemodialisebehandeling skakel:

**Noord-Kaap**  
Kimberley Provinsiale Hospitaal  
053 802 9111

**Noordwes**  
Klerksdorp Hospitaal  
018 406 4600  
Job Shimankana Tabane Hospitaal  
014 590 5100  
Mafikeng Provinsiale Hospitaal  
018 383 2005

**Vrystaat**  
Universitas Hospitaal  
051 506 3500

**Oos-Kaap**  
Frere Hospitaal  
043 709 1111  
Livingstone Hospitaal  
041 405 9111

**Wes-Kaap**  
Tygerberg Hospitaal - 021 938 4785/6  
of 021 938 6595/6  
Rooikruis-Kinderhospitaal - 021 658 5111  
Groote Schuur Hospitaal 021 404 9111

**KwaZulu-Natal**  
Inkosi Albert Luthuli Hospitaal  
031 240 1911

**Gauteng**  
Charlotte Maxeke Hospitaal  
011 488 4911  
George Mukhari Hospitaal - 012 529 3111  
Steve Biko Akademiese Hospitaal  
012 354 1702

**Mpumalanga**  
Rob Ferreira Hospitaal - 013 741 6100  
Witbank Hospitaal - 013 653 2000

**Limpopo**  
Polokwane Provinsiale Hospitaal  
015 287 5000